*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Vir die Ossewabrandwag bestaan die volk uit GESINNE vir wie daar gesorg moet word.*

# Die O.B.

*Vir die partypolitiek bestaan die volk uit KIESERS na wie se stem gevry moet word.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 10 FEBRUARIE 1943. No. 12.

## Dr. P. J. Meyer Neem In Grootraad Sitting

### Belangrike Nuwe Krag Vir Ossewabrandwag

Die Kommandant-generaal maak die volgende bekend:

**Hiermee word bekend gemaak dat dr. P. J. Meyer, wat tot die einde van Januarie 1943 as hoofsekretaris van die F.A.K. en die Reddingsdaadbond opgetree het, voortaan in die Grootraad sitting sal neem en in ere-hoedanigheid dienste aan die Ossewabrandwag sal lewer. Hy is ook versoek om in medewerking met die Finansiële Beheerkomitee van die Grootraad 'n uniforme finansiële stelsel vir die Ossewabrandwag as geheel uit te werk en in toepassing te bring.**

Dr. Meyer was sedert die stigting daarvan lid van die Ossewabrandwag en het, voordat die stryd tussen die H.N.P. en die Ossewabrandwag ontbrand het, in die Transvaalse Beheerraad gedien en as Voorligtingshoof van die Ossewabrandwag opgetree. Vanweë die onderlinge stryd was hy genoodsaak om hom aan verdere openbare deelname aan die werksaamhede van die Ossewabrandwag te onttrek. In sy private hoedanigheid het hy egter sy pligte as Brandwag steeds getrou nagekom. Hy het verder tot op datum ook opgetree as voorsitter van die O.B.-Noodhulpfondskomitee.

Sy huidige adres is: Posbus 5754, Johannesburg.

J. F. van RENSBURG,
Kommandant-generaal,
Ossewabrandwag.

## POLISIE NA DIE LEËR — SOLDATE IN HUL PLEK

Volgens berig in die pers het die Regering besluit om enige honderde soldate wat nie meer vir militêre diens geskik is nie, op te lei vir die Polisiemag waar 'n groot tekort aan manne ondervind word. Misdaad het sedert die uitbreek van die oorlog op geweldige skaal toegeneem veral in die groot stede. Saam met die kommunistiese opstokery moet dit grootliks toegeskryf word aan die feit dat meer as duisend konstabels vir krygsdiens na die Noorde opgeroep is, van wie die meeste waarskynlik nou in Italië sit. **Hierdie puik opgeleide manne met jarelange ondervinding van polisiewerk, se plekke moet nou opgevul word met mense wat op grond van ongeskiktheid uit die leër ontslaan word!** Dit lyk of die huidige bewind dit aanbevelenswaardig ag om persone in betrekkings te plaas waarvoor hulle nie opgelei of bekwaam is nie — blykbaar na die voorbeeld van die kabinet.

## £9 MILJOEN VIR SWART SOLDATE

Die maandelikse uitbetaling aan nie-blanke soldate in die leër is meer as 'n half miljoen pond, na veldm. Smuts in die parlement geopenbaar het. Tot dusver het die Unie se belastingbetalers meer as £9 miljoen bygedra tot die soldy en toelae van kleurling- en naturelle-soldate. **Dit is 'n duur prys vir 'n blanke volk om te betaal vir die militêre opleiding van swart soldate, maar die prys kan blyk nog duurder te wees.**

## „Skaduwee Van Komintern Val Reeds Oor Uniegebou."

### K.G. OOR KOMMUNISTIESE GEVAAR.

**Onderstaande verklaring oor die Regering se beleid ten opsigte van die Kommunisme en die Ossewabrandwag se standpunt daarteenoor is deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, uitgereik:**

Die oorlog bereik sy krisis en sy hoogte punt en wellig word die toekoms van Europa vir die volgende eeue binne maande beslis. En met Europa ook die toekoms van die blanke mensdom.

'n Bolsjewistiese oorwinning sou oor die hele aardbol heen die einde beteken van beide die nasionalisme en die Christendom; omdat die kommunisme uit sy aard en uit sy eie mond anti-nasionaal en anti-Christelik is.

Die voortbestaan van ons volk, net soseer as van die volke van Duitsland, Finland en Italië as ook Engeland, Frankryk en ander nasies is vandag in die weegskaal op die Oos-Europese oorlogsfront. En almal weet dat die bolsjewisering van Europa die verkaffering van Afrika beteken. In die daaropvolgende chaos sal ook die Regering die Ossewabrandwag nie kan belet om sy rol te speel nie, vir die eenvoudige rede dat daar dan geen regering meer sal wees nie.

En in hierdie krisisuur in die geskiedenis — wat doen ons landsregering? **Hy gee amptelike erkenning aan die Kommunistiese Party in Suid-Afrika. Hy gee die logiese gevolg van sy oorlogsverklaring aan die nasionale gesagstate en hy erken die Kommunistiese Party, wat onder leiding van Moskou staan, as 'n integrale deel van ons parlementêre partystelsel.**

Polisie-aanklagte teen die sekretaris van die anti-nasionale en anti-Christelike Kommunistiese Party, 'n naturel, word deur die Minister van Justisie persoonlik teruggetrek.

Maar die lede van die Nasionale Beweging van die Afrikanerdom, die Ossewabrandwag, word by die honderde in tronke en konsentrasiekampe gegooi; sonder verhoor en selfs sonder dat enige aanklag aan hulle meegedeel word: Werkers, boere, professore, predikante, amptenare, sonder aanklag en sonder verhoor in kampe en tronke kragtens Noodregulasies.

Dog die naturelle-sekretaris van die Kommunistiese Party word deur ministers gevrywaar teen 'n aanklag kragtens dieselfde Noodregulasies.

Daarvan lei ons af dat die noodregulasies nie bedoel is vir naturelle of kommuniste of Jode of ander aanhangers van die Regering nie, dog slegs vir die nasionale Afrikanerdom, en by name vir die Ossewabrandwag.

En daarvan lei ons verder af dat die landsregering alhoemeer gaan swig voor kommunistiese druk. Die skadu van die Komintern begin al val oor die Unie-gebou. Uit sy blinde haat teen die nasionaal-sosialisme maak die Regering die poorte oop vir die internasionale sosialisme — die Komintern.

Hoewel die voortbestaan van ons volk op die spel is, is ons weerloos en onmagtig. Ons kan die gevaar slegs erken sonder dat ons die magmiddels het om dit af te weer.

Maar dit vrywaar ons nie teen die morele plig van 'n keuse nie. Daarom verklaar die Ossewabrandwag met opset en openlikheid dat hy met spanning die geweldige gebeurtenisse in Oos-Europa waarneem en dat hy 'n innerlike piëteitsgevoel het vir elke stryder wat op lewe en dood die stryd teen anti-nasionale Komintern aangebind het.

Hierdie piëteit en dankbaarheid kan geen Noodregulasie en geen konsentrasiekamp ons ontneem nie.

## K.G. OOK IN NOORDWESTE

**In verband met die Assistent-kommandant-generaal se reis deur die Noordweste van Kaapland van 19 Februarie af, kan nou meegedeel word dat die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg die hele reis saam met hom sal wees, sodat dit nou 'n gesamentlike toer van die twee leiers word.**

**Ons plaas weer die volledige program met vedrere besonderhede in verband met tyd. Op plekke waar ons nog geen tyd meld nie, sal dit plaaslik gereël word deur die offisier.**

**Zeekoevlei (Clanwilliam), 19 Feb., 6 nm.; Vredendal, op Spes Bona, 20 Feb.; Bitterfontein, 22 Feb., 9 nm.; Kamieskroon, 23 Feb., 10 vm.; Springbok, 24 Feb., 8.45 nm.; Keimoes en Kanoneiland, 25 Feb., nm. en aand; Buchuberg, 26 Feb., (tyd en plek word plaaslik gereël); Kakamas, 27 Feb., nm.; Upington, 27 Feb., nm. en aand; Brakwater (Kenhardt) 1 Maart, 2 nm.; Skansklip B, 2 Maart, 11 vm.; Williston, 4 Maart, aand; Calvinia, 5 Maart, 8 nm.**

## VIER HARDE WAARHEDE

**1. Die verkiesing kan NIKS verander aan die huidige oorlogsbeleid en oorlogsbewind nie. Daarvoor sal Smuts en desnoods Amerika en Groot-Brittanje met wapengeweld sorg.**

**2. Die verkiesing kan wel die AFRIKANERDOM geleentheid gee om UITSPRAAK te gee oor die oorlogsbeleid deur 'n groot VOLKSBETOGING daarvan te maak.**

**3. Daarvoor is nodig dat alle Afrikanergroepe SAAMSTAAN deur soos één man weg te bly van die stembus of soos één man te gaan stem. Onderlinge samewerking is hiervoor noodsaaklik.**

**4. 'n Party wat PARTYkandidate gaan stel en weier om saam te werk met die ander, wil geen volksbetoging hou waarin die AFRIKANERDOM uitspraak gee nie, maar hou 'n PARTY-politieke verkiesing waarin die Suid-Afrikaanse KIESERS uitspraak gee oor twee of meer partye se programme.**

**Hier geld die Bybelse woord: „Hy wat homself afskei, soek sy eie begeerte."**

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.

## UNIETROEPE GAAN OOK OOR SEE VEG

### Parlement Kry Kans om Asem Daaroor te Mors

**Veldmaarskalk Smuts se voorstel dat die Unie sy soldate ook buite die vasteland van Afrika moet stuur om op die Europese slagvelde deel te neem, is verlede week deur die parlement goedgekeur. Dit moet glo op „vrywillige basis" geskied — 'n begrip wat 'n radikale verandering van betekenis sedert die uitbreek van die oorlog ondergaan het.**

Veldm. Smuts het erken dat dit die uitskakeling beteken van die definitiewe voorbehoud van 4 September 1939 **dat geen troepe oor see gestuur sal word nie.** Genoemde voorbehoud was 'n parlementsbesluit vervat in die oorlogsbesluit van dieselfde parlement. Teen die hele besluit is van Afrikanerkant beswaar gemaak, en voordat dit nodig was om mederepublikeinse organisasies te probeer uitskakel met mosies oor republieke en maatskaplike hervorming, het die amptelike Opposisie met mosies van wantroue in die oorlogsbewind by elke parlementsitting gekom. **Nogtans het dit nie verhinder dat hierdie bewind tans met „'n stap verder in die oorlogsbeleid" kom nie. Deur hierdie voorstel aan te neem het die parlement 'n diktatoriale besluit van die Regering met volksgoedkeuring beklee — „die parlement het dit besluit en die parlement is die volk se wettige verteenwoordiger," sal gesê word.**

## STUDENT STAAN AF VAN VERDIENDE GELD

'n Stellenbosse student wat verkies om bekend te staan as Matie, het aan ons £2 gestuur vir die Noodhulpfonds. „Graag sou ek meer wou gee, maar aangesien ek nog 'n student aan die universiteit is, is dit al wat ek kan gee van geld wat ek gedurende die vakansie verdien het", skryf hy.




## NIE-BLANKES BEWAPEN

Veldmaarskalk Smuts het in die parlement verklaar dat nie-blanke soldate in die Noorde bewapen word indien dit deur die bevelvoerende offisier wenslik geag word. Hy het aangevoer dat nie-blankes soms deur die vyand onder die lood geneem word.

'n Mens sou sê die stryd in die Noorde is 'n soort van Grikwa-oorlog waar uitgegaan word van die onderstelling dat die vyand te jammer sal wees om te skiet.

## HARDE TAAK

Berig word dat die Duitsers tans 'n nuwe soort tenk in Noord-Afrika gebruik, die Merk VI van 52 ton. Hierdie landreus is net so groot maar tweemaal so swaar as sy gevreesde voorganger, die Merk IV. Die groter gewig word veroorsaak deur dikker pantser. 'n Britse korrespondent skryf in verband met hierdie wapen dat dit „een van die hardste take van die Geallieerde troepe in hul nuwe opmars sal wees om hierdie nuwe tenks wat deur die Duitsers geleidelik aangebring word, uit te klop."

# JEUGFRONT LEWER SLAG TEEN HELLINGS VAN AMAJOEBA

## *Groot Kamp op Geskiedkundige Terrein Lui Nuwe Fase van Volksdiens in*

**Aangevuur deur die pragtige Brandwaggees van diens aan die Vaderland en die inspirasie van Amajoeba, sinnebeeld van Boerekrag en Boerevryheid, het 200 Transvaalse Jeugfronters van 5 tot 15 Januarie landsdiens verrig teen die hellings van dié berg waar Boerehelde die slag gelewer het wat die Eerste Vryheidsoorlog van die Afrikanerdom seëvierend beëndig het.**

Op hierdie geskiedkundige terrein het die geesdriftige Penkoppe 'n nuwe vryheidslag gelewer — vir die vryheid en behoud van ons vaderlandsbodem — deur gras te plant op 'n hele aantal morge van die berg wat as gevolg van sy uitgetrapte toestand deur grondverspoeling geteister word. Ook is meer as 700 bome aangeplant om die hoeke van die persele op hierdie natuurskone feesterrein en vakansieoord van die Ossewabrandwag af te baken. Rondom die groot opgaardam van 75,000 gelling is ook gras geplant om die bome en plantegroei van die dam af weg te hou. Verder is 'n stuk van die veld wat deur die wattelbasbome ingeneem was, skoongemaak en die takke van die bome gebruik om van die spoelslote mee toe te gooi.

Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, het ook 'n besoek aan die landsdienslaer gebring en in 'n toespraak gewys op die groot taak en plig wat op die skouers van die jeug rus. **Sy bedoeling was om slegs een dag daar te bly maar die teenwoordigheid van die K.G. was vir die jongspan so besielend en die gees van die laer so aansteeklik dat hy twee dae daar vertoef het. Een van die hoogtepunte van die verrigtinge was juis toe die Kommandant-generaal die saluut geneem het van die Jeugfronters wat in gelid by hom verbygestap het, die seuns met pikke, grawe en byle op hul skouers. Treffend was die hulde wat die jeug aan hul leier gebring het met hierdie voorwerpe van diensvaardigheid, wat terselfdertyd die nuwe gees van die Ossewabrandwag vertolk**

### VLAGHYSING

'n Ander hoogtepunt is ook tydens die besoek van die K.G. bereik toe twee seuns die berg bestyg het en die oggend gelyktydig met die vlaghysing in die laer ook 'n Vierkleur op die kruin van Amajoeba gehys het. Hier het dit die hele dag gewapper om die daeraad van herbore Boerevryheid aan die hele wêreld te verkondig en om nogeens te bekragtig dat die Ossewabrandwag die waarborg is vir hierdie nuwe vrywording na buite en na binne. Die aand is die vlag weer gelyktydig met die vlagstryking in die laer neergehaal. Hierdie indrukwekkende plegtigheid het diep spore in die gemoedere van die aanwesiges nagelaat.

Die daaglikse plegtigheid i.v.m. die hysing en stryking van die Vierkleur in die laer het 'n diepe indruk op die seuns en dogters gemaak. Sonop elke oggend is die vlag plegtig gehys, gevolg deur 'n Godsdiensoefening en elke aand sononder is die vlag weer gestryk en die plegtigheid deur 'n Aanddiens afgesluit.

Die hele laer het onder die bevel van hoofkommandant Andries van Heerden gestaan. Hy is bygestaan deur hoofkommandant M. M. Smith, van Pretoria. Die dogters was onder bevel van generale K. Malan, bygestaan deur hoofkommandantes Buhrman en Röscher. Hul deeglike organisasie tesame met die toegewyde pligsbesef van die offisiere en manskappe onder hulle het niks aan die dissipline en geesdrif van die laer laat ontbreek nie. Die seuns was in tente gehuisves en die dogters in die groot feeshuis wat verlede jaar opgerig is. Die dogters het vir die huishoudelike aangeleenthede gesorg terwyl die seuns die veldwerk gedoen het. Die dogters het egter ook twee rye bome geplant. Daagliks het die seuns en dogters afsonderlik in die heerlike swembad gaan baai om die sweet van die dag se werk af te spoel en saans het die ontspanning bestaan uit volkspele en -sang om 'n groot kampvuur op die feesterrein. Die dogters en seuns het ook afsonderlike konserte gereël en ter ere van die besoek van die Kommandant-generaal is 'n gesamentlike konsert deur die hele laer gereël.

### HELD VAN SPIOENKOP

Die werksaamhede van die laer het verder bestaan uit lesings oor die betekenis van die slag van Amajoeba, die taak van die jeug in ons vryheidstryd en oor algemene volksake. Die dogters het spesiale lesings ontvang oor gesondheidsleer, huishoudelike sake, ens. om hulle voor te berei as toekomstige moeders van ons volk.

Die laer is met 'n besielende boodskap aan die jeug geopen deur die A.K.G., genl. J. D. Jerling, wat 'n paar dae daar vertoef het en die laer mooi op koers gesien het. **Een van die „jongste Penkoppe" wat die laer die hele tyd as gas bygewoon het was hoofgeneraal H. Slechtkamp, die held van Spioenkop.** Saans om die kampvuur het hy die jongspan veral besiel deur boeiende vertellings van sy krygsavonture en die roemryke heldedade van die Boerestryders. Ook genl. T. A. Pienaar, A.K.G. van Natal, genl. G. Puren en ander hoër offisiere het die laer vir 'n dag of meer besoek. Almal was getref deur die dissipline en geesdrif wat die laer gekenmerk het.

Die stemming van die laer was deurgaans geesdriftig en die geesdrif het by die dag gestyg en wel tot so 'n mate dat sommige in trane van die kamp afskeid geneem het. As teken van die opofferende gees wat die Jeugfronters besiel het, kan genoem word dat elke seun en dogter self hul reiskoste na Amajoeba en ook hul verblyfkoste aldaar betaal het.—(Transvaalse Kor.)

## AL HUL GEPRAAT BAAT NIKS

Verlede jaar het die Ouditeur-generaal in sy verslag verklaar dat hy nie by magte was om die oorlogsrekeninge van die Departement van Verdediging te ouditeer nie omdat die boeke te deurmekaar is. Hierdie feit is wyd en syd openbaar gemaak ook in die parlement.

Hierdie jaar kom die Ouditeur-generaal met dieselfde klag. Tot September verlede jaar het die skatkis uitgawe gemagtig ten bedrae van £90,000 waarvoor bewysstukke ontbreek of onvolledig was. Betaalstate vir 'n bedrag van byna £12,000 is vermis. Die hele Departement van Verdediging skyn in die uiterste onreëlmatigheid en chaos te verval het. **Ondanks al die kritiek egter, ook dié in die parlement, gaan die Smuts-diktatuur ongestoord voort om groter offers van die volk te eis. Die parlement is magteloos om iets daaraan te doen, hoewel hierdie liggaam in naam die seggenskap oor alle geldsake van die land het.**

**Dit toon slegs hoe uitgediend hierdie instelling is en hoe vrugteloos al die gepraat aan die parlementêre front.**


# Schoemanello-Drank . . . . .

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 2/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIQEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:— K.M.B, plus treingeld na sylyne, K.B.A, plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN

Posbus 142. Oudtshoorn.



# £1000 vir u Oë

Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.

# DUWAS

*Die Antiseptiese en Helende Oogwas.*

'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.

Van alle Apteke, of direk van

## Die Voortrekker-Apteek

KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (BUS 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (BUS 765).
ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.



# *Vir 'n Suksesvolle Loopbaan*

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

***MEER AS 200 KURSUSSE***

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

**Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.**

**Pos die Koepon nog vandag .. vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in ........................

Naam........................

Adres........................

(O.B. 10 Feb. 1943)

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

# Helpmekaar

KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,

JOHANNESBURG

Posbus 3512 Foon 22-3512

# SASBANK

*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

# DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, **MIDDELBURG,** Transvaal.
Herefordstraat, **GROBLERSDAL,** Transvaal.

Eienaar: **D. D. DE KOCK**
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS!*

V.M.K. AANBEVEEL.

Die
## MODERNE KLEREMAKERS
(Die Afrikaanse Firma)

VIR 'N BUITENGEWOON DEFTIGE EN GERIEFLIKE DAMES KOSTUUM OF MANS PAK KLERE, PROBEER ONS EERSTE. DIT IS NOU TYD OM TE LAAT MAAK, DAAR MATERIAAL DAAGLIKS SKAARSER WORD

Skryf om monsters en maatvorms.

GROOTE KERKGEBOU 306
3de Verdieping KAAPSTAD


# Jeugfront — Verjaardagketting

## Iets Nuuts Vir Ons Makkertjies

**Ons het 'n aangename mededeling vir alle Jeugfront-lede. Ons gaan 'n buitengewone rubriek open vir al ons makkertjies van enige ouderdom tot sestien jaar — selfs die wat nog te klein is om te lees.**

Al wat ons verlang is dat Jeugfront-lede van hierdie ouderdom vir ons die datums van hul verjaardae stuur met hul volledige posadres. Twee jong dame-offisiere is aangestel om die briewe te ontvang, **en elke keer wanneer 'n makkertjie verjaar, word aan hom of haar 'n pragtige kaartjie gestuur.** Wat meer is, in ons blad sal daar weekliks 'n lys geplaas word van al die name van Jeugfronters wat in daardie maand verjaar. Ons het besluit om van 1 April af 'n begin daarmee te maak.

Ons wil graag weet hoe ons makkertjies hul verjaardae deurbring, en wat hulle reeds vir ons volk gedoen het en voornemens is om te doen. Sulke mededelings moet hulle aan ons skryf. **Die adres waarheen alle briewe gerig moet word, is Hoofkommandant, Wakis, Groote Kerkgebou 916, Kaapstad.** Soos julle sal merk, word die briewe in 'n wakis gehou. Dit is mos die plek waar die Voortrekkers al hul boeke en geskrifte bewaar het!

'N PEN

Dan is daar nog iets. Een van die generaals het vir ons 'n pen gegee wat in St. Helena deur 'n Boere-krygsgevangene gemaak is. Hierdie Boer het vir die vryheid van ons volk geveg en daar in die kamp gely daarvoor. **Hierdie pen is 'n bewys van sy offers, en dit word nou oorhandig aan die jeug.** In die Vriendskapsentrum (Kaapstad) word 'n verjaardagboek aangehou waarin die Jeugfronters self hul name kan teken as hulle 'n besoek aan Kaapstad bring, **en hulle sal teken met hierdie pen van die Boere-krygsgevangene.**

Wat die stuur van name betref, kan makkertjies dit vanself doen, of as hulle nog te klein is, kan hul ouers dit vir hulle doen, of dit kan deur middel van hul afdeling geskied.

Kom nou, laat ons almal van ons hoor en saam verjaar, al is dit maar in ons gedagtes, want elke keer as 'n makker verjaar, sal almal aan hom dink!

# MINISTER VAN JUSTISIE SE NUWE TAAK?

## Dr. Steyn erg Stiptelik

Dr. Colin Steyn, Minister van Justisie, het onlangs op 'n vraag geantwoord dat hy geweier het om hom in te meng in die uitspraak van die Natalse Hooggeregshof waarvolgens 'n blanke soldaat uit die buiteland wat geslagtelike gemeenskap met 'n kaffermeid gehad het, slegs 'n opgeskorte vonnis opgelê is. As verskoning het die Minister aangevoer dat hy **nie bereid is om in te meng in die oordeel wat deur die reg aan regterlike beamptes ten opsigte van straf verleen is nie.**

Darem snaaks dat die Minister so stiptelik is met sy onthouding aan inmenging in die regspraak waar dit in die voordeel van uitlanders is, maar by ander geleenthede waar dit in hul nadeel is, **wel deeglik bereid is om die „oordeel" van regterlike beamptes opsy te skuif.** Ons dink aan die baie soldate en matrose — en selfs twee kleurlinge — wat deur die Minister op vrye voet gestel is nadat hulle deur 'n hof tot tronkstraf veroordeel is kragtens die Noodregulasies, **maar in sonderheid dink ons aan die onlangse geval waar die Minister (hierdie selfde dr. Steyn) twee uitlandse soldate wat weens motordiefstal veroordeel was, van hul straf onthef het lank voordat hulle dit uitgedien het.**

Dit kom voor of die taak van 'n Minister van Justisie onder die Smutsbewind nie is om die reg te handhaaf nie, maar om uitlanders teen die reg te beskerm.

# SAMEWERKING GEWEIER VAN HELE VOLK?

## Plan om Verkiesing uit te Buit vir Partybelang

Verneem word dat dr. Malan nie bereid is om met enige Afrikaanse groep in 'n moontlike verkiesing saam te werk nie. Hy het besluit om net met sy gehardste vegters na die verkiesing te gaan **en al sal daar net soveel as sewe die paal haal, moet hulle manne wees wat die stryd teen die Ossewabrandwag en ander republikeinse Afrikaners tot die einde sal deurveg.**

Daar word op gewys dat dit by hom nie gaan om die verkiesing te wen nie, maar om die verkiesing slegs te gebruik as stok waarmee die Ossewabrandwag verder geslaan kan word. Die taktiek sou wees om sulke kandidate aan die volk op te dring wat weens hul venynigheid nie die ondersteuning van alle Afrikaners sal kan verkry nie. Sorg sal egter gedra word dat die groepie beroepspolitici wat die toon aangee, wel verkies sal word deur 'n stelsel van verskuiwing en uitruilery. **Indien dan net sewe van hulle na die parlement terugkeer, sal die Partypers die uitgevalle lede as martelaars voorstel wat slagoffers geword het van die Ossewabrandwag se sogenaamde „volksverdelingsbeleid".** Daar sal aangevoer word dat die Ossewabrandwag nie die „volk se enigste kandidate" gesteun het nie en „die Afrikanerdom se party aan Smuts uitgelewer het".

Dr. Malan hoop dat sulke propaganda vir hom baie meer werd sal wees in sy stryd teen die Ossewabrandwag as wat 'n groot aantal ondersteuners in die parlement vir hom sal beteken in sy stryd teen Smuts, aangesien hy besef dat sewe of sewe-en-dertig verteenwoordigers in die parlement geen verskil sal maak nie — **Jan Smuts stem in elk geval alles deur wat hy verlang.**

Indien dit waarlik dr. Malan se standpunt is — wat wel die geval skyn te wees as gelet word op die onlangse verklaring van die hoofleier waarin 'n suiwering van die party in die vooruitsig gestel word — **sal dit vir elkeen duidelik wees dat hier nie eens 'n gedagte aan volksbelang geskenk word nie. Dit is uit en uit 'n stryd om behoud van 'n politieke party ongeag wat die gevolge vir die volk al mag wees.**

Hierteenoor staan die grootmoedige standpunt van die Ossewabrandwag wat hom bereid verklaar het om — al is dit teen sy sin — hom in te werp in 'n verkiesing indien daarvan 'n **volksbetoging** gemaak word en nie 'n partypolitieke verkiesing waarin drie of meer partye **teen** mekaar wedywer om die guns van die Suid-Afrikaanse **kiesers** nie.

**Die Ossewabrandwag se voorstel dat onderling aanneemlike kandidate deur die politieke organisasies gestel word wat die grootste mate van algemene steun sal ontvang, staan nog oop, en die volk kan slegs hoop dat dr. Malan betyds tot insig kom en 'n breëre kyk op sake inneem.**

# DUIKBOOTGEVAAR

Na berig word, maak die Duitsers daarop aanspraak dat hulle tydens Januarie 522,000 ton aan handelskepe gekelder en 209,000 ton beskadig het. Duitkbote het 408,000 ton verantwoord. As in aanmerking geneem word dat Januarie een van die ongunstigste maande vir duikbootoorlog is, is hierdie aaspraak inderdaad hoog en kan die besorgdheid wat in Geallieerde kringe oor die duikbootgevaar uitgespreek word, verstaan word. Hierdie aanspraak is bykans vier maal so groot as dié van Januarie 1941.


*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

# KAN U DIT AL SPEEL?



*Afrikaanssprekende*

## Suid-Afrika het hiervoor gewag!

Jare lank is daar nou-al geprotesteer teen die uitheemse kaarte........en jare lank smag Jong Suid-Afrika na 'n eg Afrikaanse kaartespel........ EN HIER IS DIT NOU —

# Die Ossewa-speelkaarte

Elke kaart het 'n eg Afrikaanse naam en is selfs in ons Afrikaanse kleure, ROOI, WIT, BLOU en GROEN gedruk!

PRESIDENT, BOER, JUKSKEI, REMSKOEN, ens. is 'n paar van die name wat in die spel gebesig word. Geen koste was te hoog, geen moeite te groot en geen lapwerk is geduld om die kaart daar so mooi en netjies as moontlik te laat uitsien nie.

DIE REËLS EN REGULASIES VERGESEL DIE KAARTE!

*ONTHOU — Dit sal 'n pragtige Geskenk wees.*

PRYS 3/6 (4/- Posvry).

*Bestel van —*

## DIE KAPPIE-BOEKHANDEL

Bus 845, DE VILLIERSSTR. 15, JOHANNESBURG. Foon 33-6797.

**O**NS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

**B**ESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*Hou Koers Na*

## Pro Ecclesia-Drukkery,

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders

*Die Laan, Stellenbosch.*

# SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.

DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.

V.M.K. Klubbediening Sluit die volgende in:

Gratis sleepdiens. Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies. V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag. Snelle afleweringsdiens. Padverslae, Pad- en roetekaarte. 'n Unieke motorkenteken.

Volle Besonderhede van:—

DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.
DIE TAKSBESTUURDER, Bus 1093, Johannesburg.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.

DIE O.B., WOENSDAG, 10 FEB. 1943

# Maak van Parlement 'n Sap-Koukus

Dit is nodig dat ons weer terugkom op die gedragslyn wat deur die Ossewabrandwag ten opsigte van 'n moontlike verkiesing neergelê is, nie omdat 'n verkiesing op sigself van soveel waarde is nie, maar vanweë die moontlikhede wat gebied word deur so 'n geleentheid om 'n verenigde Afrikanerfront te toon.

**Die Ou Soort.**

Die voorstel van die Grootraad is dat ons dit nie as 'n gewone verkiesing moet beskou waarin verskillende partye teen mekaar wedywer om soveel setels as moontlik van die ander te vat nie, maar dat ons dit beskou as 'n **volksbetoging** waarin die Afrikanerdom as een man sy standpunt verklaar oor die **één groot vraagstuk van oorlog en Empire.** 'n Gewone verkiesing beteken dat daar drie of vier partye in die veld is in 'n poging om die regering te bemagtig. Dit beteken dat die volk in drie of vier groepe verdeel word en die party wat die oorwinning behaal, het uiteindelik nie eens die steun van die helfte van die volk nie omdat die meerderheid van die volk in drie afsonderlike blokke verdeel is, elk waarvan kleiner is as die blok wat agter die oorwinnende party staan. In so 'n partypolitieke verkiesing word daar gevry na die stem van die KIESERS wat uit alle rasse en klasse bestaan. Elke party kom dan met 'n sogenaamde program van aksie waarin hy staatkundige, ekonomiese, maatskaplike en ander vraagstukke beklemtoon. Vir elke stem is daar 'n belofte wat pas by die behoefte.

**Vertroebel.**

Dit behoort duidelik te wees dat jy hier geen verenigde uitspraak kan kry nie, **want die een republikein sal reken die Herenigde Party se boerdery-program is die beste en hy gaan stem dus Herenigd, terwyl 'n ander republikein, wat 'n mynwerker is, weer reken die Arbeidersparty se goudmynbeleid is beter as dié van die H.N.P. en hy gaan stem dus Arbeider.** 'n Derde republikein weer gaan stem vir die Afrikanerparty of vir 'n onafhanklike kandidaat omdat hy gebelgd voel oor een of ander plakkaat wat die ander party opgestel het, ens. **So word die volkskragte dan verdeel oor punte van ondergeskikte belang, hoewel almal republikeins is, en nòg die wêreld daarbuite nòg die Afrikanerdom self weet hoe sterk ons teen die oorlog staan.** Met so 'n vertroebelde uitspraak kom veldm. Smuts na vore en sê dat die volk agter hom staan omdat hy meer setels verower het as enige van die ander partye, al **het die meerderheid van die volk nie vir sy party gestem nie. Maar of daardie meerderheid vir of teen die oorlog is, kan niemand bewys nie, want daar is oor PARTY-PROGRAMME gestem en nie oor die oorlog as sodanig nie.**

**Betoging.**

Nou kom die Ossewabrandwag en sê: Aangesien dit vir elkeen duidelik is dat 'n verkiesing **geen** verandering van bewind kan teweegbring nie omdat Smuts en Engeland hul vastrapplek in Suid-Afrika met geweld sal handhaaf en dit dus nutteloos is vir aspirerende partye om mekaar te beveg, **laat ons vir hierdie een keer as Afrikanervolk bymekaar staan en ons uitspreek oor die één groot vraagstuk van oorlog.** Ons kan dit doen deur soos een man te gaan stem, in watter geval dit vanselfsprekend is dat die kandidate vir almal aanneemlik moet wees, of ons kan dit doen deur soos een man weg te bly van die stembus en aan die wêreld te toon dat ons nie langer bereid is om die volk se goedkeuring by wyse van parlementsbesluite aan Smuts se oorlogvoering te heg nie. **Want al stem die opposisie in die parlement teen die oorlogsbeleid, word dit 'n besluit van die volk, altans so neem die wêreld dit op en so ook Jan Smuts.**

**Wegbly.**

Deur weg te bly van die stembus sal die parlement verander word tot 'n **Sap-koukus** en sal die hele wêreld weet dat dit net Jan Smuts se besluite is en nie die Afrikanerdom s'n nie. **Ons sal dus geen aandeel hê in die misdade van die huidige regering nie, en die**

(Vervolg in kol. 4)

# Brokkies Uit die Buiteland

## DIE RUSSIESE GEVAAR

Die Russiese offensief oor die hele lengte van die Oosfront is nou reeds meer as twee maande aan die gang. Met uitsondering van Stalingrad waar 'n aansienlike Duitse mag uitgedelg is, het die Duitse leërs totsover daarin geslaag om ongeskonde terug te trek voor die oormag. Op die oomblik toe hierdie oorsig geskryf is, het die Russe nog nie die front van verlede jaar met Karkof as middelpunt bereik nie. Hoewel aangeneem kan word dat hulle met groter krag aanval as verlede jaar, beteken dit dat hulle **binne die eerste helfte van die winteroorlog nog nie daarin geslaag het om die plek te bereik waar hulle verlede jaar aan die begin van die winter aangeval het nie.** Dit is 'n belangrike punt, veral as in aanmerking geneem word dat die weersomstandighede dit vir die Duitse Luftwaffe totsover onmoontlik gemaak het om in te gryp. **Die toestand sal binnekort verander en dan sal die Duitse magte van hul hoofwapen gebruik kan maak.**

'n Ander faktor van belang is dat hoe nader die Russe aan verlede jaar se front kom, hoe stewiger die Duitse verdediging sal word omdat hul verbindingslinies korter word en dié van die Russe langer. Weliswaar het die Russe daarin geslaag om belangrike spoorweë te verower wat die vraagstuk van toevoer vergemaklik, maar solank Stalingrad uitgehou het, was die grootste deel van hierdie spoorweë van weinig waarde omdat dit deur die Duitse besetting op die belangrikste sentrum deurgesny was. Verder moet in ag geneem word dat die spoorweë verder na die weste deur die Duitsers omgebou is tot die Duitse spoorwydte. Vir die Russe sal hulle dus nie dadelik beskikbaar wees nie. Kosbare weke mag verlore gaan voordat hulle die voordeel daaruit kan behaal.

## RUSSE SE TAKTIEK

Van Duitse kant is in die afgelope weke baie nadruk gelê op die wesenlike gevaar uit die Bolsjewistiese Ooste. Dat die Russe met groter krag te voorskyn gekom het as wat die Duitse opperbevel verwag het, skyn 'n feit te wees, en dat groter terugslae as Stalingrad nog vir die Duitsers wag, is waarskynlik. Die weerstand van Stalingrad het die Duitsers egter geleentheid gegee om voorbereidings verder weswaarts te tref. Ons kan aanneem dat die Duitse propaganda soveel voordeel as moontlik uit die terugslag wil behaal deur die toestand so donker as moontlik te skilder. Dit kan die gewete van onsydige Europese volke wakkerskud vir die kommunistiese gevaar, as ook van diegene in Geallieerde kringe wat die oë probeer sluit het vir die rooi bedreiging, terwyl dit die eie volk tot groter kraginspanning sal aandryf.

**Een ding staan vas en dit is dat die Bolsjewistiese gevaar groter was as wat ooit in Europa besef is. Stalin het hom swak voorgedoen in sy aanval op Finland en waarskynlik ook in die eerste maande van sy stryd teen Duitsland.** Die taktiek was klaarblyklik om op die laaste oomblik die vyand onverhoeds te vang — en wel op die oomblik wanneer 'n tweede front in die weste geopen sal word — en dan oor die hele Europa te rol. **Die feit dat Stalin genoop was om in hierdie winter daardie finale hou te slaan, en wel nog voordat die gevraagde tweede front geskep is, dui daarop dat Rusland dit ekonomies en strategies nie langer kon uithou nie.** Indien die Duitsers dus daarin sou slaag om die rooi hordes tot stilstand te bring voordat hulle die Europese grens bereik, kan aangeneem word dat Stalin sy doel om Europa te oorstroom nie bereik het nie. Die Russiesie weerstand sal dan uitgewoed wees, sy ekonomiese bronne uitgeput en sy moraal vernietig, want selfs die gebied wat in hierdie winter herower is, kan vir die Russe van geen voordeel wees indien die Duitsers in die somer 'n geslaagde offensief van stapel stuur nie.

## CHURCHILL EN TURKYE

Met sy besoek aan Turkye het Churchill iets van 'n sensasie verwek, hoewel dit in werklikheid nie veel buitengewoons was nie. Turkye en Engeland se verhouding word nog steeds deur 'n verdrag bepaal waarkragtens Turkye eintlik veronderstel was om hom by die Geallieerdes in te werp. Laasgenoemde het nog steeds wapentuig aan Turkye afgelewer, hoewel Duitsland kragtens verdrag dieselfde doen. Daar was dus niks wat Churchill verhoed het om na sy vriend te gaan nie, al was dit op sy (Churchill) se eie versoek. Turkye kon nouliks geweier het om hom as gas te ontvang toe hy hom opgedring het.

Die eenstemmigheid wat ten opsigte van Turkye se veiligheid bereik sou wees, is ook niks nuuts nie. dit lê opgesluit in die bestaande betrekkinge tussen die twee lande. **Wat egter wel van belang is, is dat hierdie optrede van Churchill 'n aanduiding mag wees dat Engeland daardie land graag in die oorlog betrokke wil hê.** Dit sal vir die Geallieerdes die weg na die agterdeur van Europa oopmaak. Geruime tyd is daar reeds sprake van groot Britse leërsametrekkings in die Nabye-Ooste in die rug van Turkye. Die Britse poging om die Middellandse See te open vir hul seevaart, is moontlik ook vir 'n aansienlike mate op hierdie strategie gemik. Waar die Engelse Turkye graag in die oorlog wil stoot, is dit vanselfsprekend dat hulle 'n aanval van Duitsland op hierdie land sou verwelkom, as gevolg waarvan hy dan in hul arms gedryf sal word. **Dit mag dus heeltemal moontlik wees dat een van Churchill se oogmerke met sy opgedronge besoek juis was om Turkye se verhouding met Duitsland te vertroebel deur agterdog teen die Turke te verwek.** Laasgenoemde kon die besoek nie weier nie, want afgesien van sy vriendskaplike betrekkinge, lê in sy rug die sterk Britse magte wat nuttig gebruik kan word op 'n oomblik wanneer Duitsland sy volle aandag aan die Russiese front moet wy.

**Die geskiedenis het reeds getoon dat wanneer Engeland kwistig word met sy versekerings aan swakker state, die gevare vir daardie lande nader sluip, en Churchill se besoek mag in sover van belang wees dat dit 'n aanduiding is van die Geallieerde strategie.**

## DUIKBOOTHOOF

'n Gebeurtenis van belang was die onlangse benoeming van adml. Dönitz, duikboothoof, tot opperbevelvoerder van die Duitse vloot in die plek van adml. Räder wat tot raadgewer van Hitler bevorder is. Hierdie stap kan niks anders beteken nie as dat die duikbootoorlogvoering in hierdie lente met onverbiddelike toewyding voortgesit gaan word. Geallieerde kringe skat dat daar elke maand 25 nuwe duikbote te water gelaat word. Met 'n duikboot-deskundige aan die hoof word die swaartekrag van die vloot na die duikboot verplaas.

# UITLANDSE LIEFDE TEN KOSTE VAN EIE VOLK

Kol. W. R. Collins het in die parlement verklaar dat hy Rhodesië met 200,000 sak mielies gehelp het op 'n tydstip toe daar 'n dreigende tekort aan mielies binne die Unie op hande was. Vandag is die mielieposisie inderdaad so ernstig dat melkboere in Kaapstad geen voer vir hul koeie kan kry nie en pluimveeboere hul lêhoenders na die vleismark moet stuur.

Hierdie liefdevolle belangstelling in die behoeftes van die vreemde ten koste van Suid-Afrika en sy inwoners kom nie as iets buitengewoons nie. Ons het tevore reeds beklemtoon dat die huidige bewind groter belangstelling het in die buiteland as in die land waaroor hulle veronderstel is om te regeer. Dat hierdie mense met hul vreemde liefde en uitlandse belangstelling in 'n posisie gestel is om oor ons land te regeer, moet toegeskryf word aan die partypolitieke stelsel van die demokrasie wat dit moontlik maak vir 'n uitlandse vyfdekolonne om sonder stamp of stoot die bewind oor 'n volk te bemagtig.

116 Takke 44,000 Lede — AVBOB — Reserwefonds £113,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

# HOE WAPENS VERGELYK

## Tuisfront se Aansprake deur Vegfront Weerspreek

Ons is al so gewoon om van die meerwaardigheid van Britse en Amerikaanse oorlogstuig te verneem, dat dit interessant is om onderstaande aanhaling te neem uit 'n verslag van William Stoneman, spesiale beriggewer van die Daily Telegraph by die Amerikaanse hoofkwartier in Noord-Afrika.

„Die algemene verklaring dat ons toerusting beter is as dié van die vyand, is onderhewig aan 'n paar ernstige voorbehoude," skryf hy. „In die lug is ons herhaalde maal oortref. Die Duitse middelslag-bomwerpers, die Junkers 88, is so vinnig soos enige van ons middelslag-bomwerpers. **Van die Duitse jagvliegtuie is die Messerschmitt 109F en die Focke-Wulf 190 vinniger as die jagvliegtuie wat ons totsover aan die front gebring het,** en dit was slegs die vaardigheid van ons loodse wat die Duitse jagters besig gehou het.

„Ons beste middelslag-tenks staan gelyk aan die Duitse Merk IV. **Ons General Grant-soort waarin die 75-mm.-kanon laag aangebring is met 'n uiters beperkte draai-vermoë, kom nêrens naby die Duitse Merk IV-tenk nie,** hoewel die nuwere General Sherman met sy kanon in die boonste toring gelyk staan aan die Duitse. **Die Britte het 'n menigte Crusader- en Valintine-tenks wat geen partuur vir die Duitse tenks is nie.**

„Op die gebied van artillerie het dit geblyk dat ons op **papier** taamlik ewe sterk is, maar die Duitsers het klaarblyklik hul 88-mm.-kanonne en swaar mortiere baie handiger gebruik as ons. **Hul 47-mm.-kanon was 'n onthulling en hul 88-mm.-kanonne en swaar mortiere is so goed as wat hulle opgehemel is, wat inderdaad goed was."**

(Vervolg van kol. 1)

**gevolge daarvan kan dus nie later op ons uitgemeet word nie. Smuts sal in so 'n geval nie kan bepaal hoe sterk hy uit die stryd gekom het nie.** Daar sal nie gekibbel kan word oor die vraag of dit 'n „volstrekte oorwinning" of dan wel 'n „morele oorwinning" was nie — al hierdie berekeninge wat mens gewoonlik na 'n verkiesing kry. **Hy sal nie weet waar hy staan nie, en die gevolge op hom van so 'n onsekerheid sal beslis baie gewigtiger wees as in die huidige omstandighede waar hy geleentheid kry om sy teenstanders in die gesig belaglik te maak en met sy meerderheid te oorstem om daarmee die skyn van demokratiese wettigheid aan alle buitestanders voor te hou.**

Hierdie metode van volksbetoging beveel ons aan as die beste, en dit is nodig dat die volk dit goed oorweeg alvoor hy besluit om na die stembus te gaan.

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

*Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag*

Gebruik

LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP — DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

'n LEVER Produk

# Ossewabrandwag Onoorwinlik

## Genl. Smith Skets Vooruitgang van Nuwe Idee Voor Beheerraad

**,,Die saak waarvoor die Ossewabrandwag staan, het gewen. U het gewen,'' het genl. J. A. Smith, A.K.G., in sy openingsrede voor die Kaaplandse Beheerraad op 29 Januarie te Paarl verklaar. Die vergadering was bykans voltallig en het geskied onder diepe besef van die erns van die toestand waarin die Afrikanerdom hom bevind, soos ook blyk uit die £460 wat die generaals vir die Noodhulpfonds daar en dan geskenk het. Kenmerk van die besprekings was dan ook die opregtheid van gees waarmee die verskillende vraagstukke ondersoek is. Die belydenis van een generaal: ,,met sette en uitoorlêry wil ons niks te doen hê nie, ons soek slegs die belang van nos volk'', kan as die maatstaf van die hele vergadering geneem word. Die volste vertroue in die Ossewabrandwag se leiers is nie net met die lippe bely nie, maar was die grondtoon van die besprekings.**

Veral het dit geblyk in verband met die Ossewabrandwag se beleid ten opsigte van die verkiesing. Hoewel meeste generaals daarop gewys het dat Brandwagte niks meer met hierdie demokratiese bedrog te doen wil hê nie en buitendien beswaarlik oorgehaal sal word om selfs by wyse van 'n volksbetoging te stem, het hulle erken dat die Kommandant-generaal se verklaring namens die Grootraad 'n ondubbelsinnige blyk van volksliefde is waarin eie-belang op die agtergrond gestel word. Almal het dan ook aanvaar om enige bevel van die Grootraad in hierdie opsig uit te voer. **Deur die A.K.G. is in hierdie verband weer sterk gewaarsku teen enige plaaslike optrede deur Brandwagte wat die Beweging kan bind. Daar is op gewys dat die H.N.P.-leiding samewerking sal moet verleen om die onderneming te laat slaag — iets wat op die oomblik nie die geval skyn te wees nie.**

### OPERASIE

In sy oorsig van die afgelope jaar het genl. Smith beklemtoon dat die Ossewabrandwag miskien hier en daar taktiese foute kon begaan het, maar beslis geen beleidsfoute nie. Die koers, gegrond op die beginsels van die Goddelike leer, is steeds gehandhaaf en voortgesit. In die afgelope jaar het die waarheid nog sterker deurgestraal dat die stryd van die Ossewabrandwag in die eerste plaas 'n etiese stryd is — 'n standpunt wat spr. 'n jaar gelede verkondig het. Die stryd wat meer as 'n jaar gelede ontbrand het, is indertyd deur ons as 'n wond beskou, maar tans blyk dit 'n geslaagde operasie te wees. Dit het vir ons getoon die ontsettende toesand van geestelike verrotting waaraan ons volk onderworpe was. Vir diegene wat 'n waaragtige gevoel het vir die volk se innerlike opheffing, het die afgelope jaar getoon hoe vuil die modderpoel inderdaad was. Voorheen het ons dit nie so duidelik gesien nie omdat ons terwille van sentimentele oorwegings die oë gesluit het. Ons het geleer om openlik te bely waarvoor ons staan. Vandag kan ons dan ook pleit vir die nasionale en sosiale hervormings wat beteken die nasionaal-ingespande ekonomiese lewe van die volk. Vandag ken ons ons plig as Afrikaner teenoor Afrikaner binne die Ossewabrandwag en sien ons die goeie raak in ons volksgenote waar voorheen die slegte beklemtoon is.

### ,,DOOD''

**Daar is verklaar dat die Ossewabrandwag dood is in Kaapland, maar hierteenoor staan as antwoord die opbrengs van 8 Augustus toe die Kaaplandse kommando's die reuse-bedrag van £6,500 ingebring het.** ,,Ek vra nog 'n organisasie om ons te ewenaar in hierdie blyk van geesdrif en offervaardigheid,'' het genl. Smith uitgeroep. Uit dit alles blyk die onverwinlikheid van die Ossewabrandwag. **En hierdie O.B.-gesindheid kry jy op baie groter skaal by mense wat nie aan die beweging mag behoort nie. Wat die denkende en ontwikkelde deel van die volk betref, staan die Ossewabrandwag so vasgewortel dat niemand hom daar uit sal kry nie. Hierdie mense wat hul breinkrag agter die skerms aanwend, het inderdaad die grootste bydrae die afgelope jaar gelewer om aan die Beweging sy inhoud te gee.** Dwarsdeur die land is die beste breins en kragte saamgesnoer in studielaers waar hulle al reuse-werk gelewer het. Dit is inderdaad wonderlik om te sien waartoe mense in staat is wanneer hulle na volksbelang kyk en nie na eiebelang nie, het die Generaal verklaar.

Dit het ook duidelik geword dat die gedagte waarvoor die Ossewabrandwag staan, reeds die oorwinning behaal het. **Die nasionaal en sosialistiese idee neem toe selfs onder daardie mense wat ons beveg.** Veldm. Smuts was verplig om te praat van ,,social security'' en 'n kommissie te benoem wat daarop moes ingaan. Dit kan egter nie onder die kapitalisme verkry word nie. Selfs die mees verbete vyand van die Ossewabrandwag, Daniel Malan, staan vandag in die parlement en pleit vir 'n ,,new social order'' en ook Churchill haas hom om van ,,new social orders'' te praat. **,,Dit toon hoe sterk die saak van die Ossewabrandwag is. Die saak waarvoor die Ossewabrandwag staan, het gewen. U het gewen,'' het die A.K.G. gesê.** Voortgaande het spr. beklemtoon dat dit 'n fout is om te meen dat die uitslag van die oorlog hieraan iets kan verander. Die tydperk van die kapitalisme is verby ongeag wat die uitslag van die oorlog is. Al wat die oorlog daaraan kan doen is om die metode of die tydperk te verander. Die gedagte self het klaar gewen, en die oorlog is maar net die uiterlike woelinge van die innerlike revolusie.

### ALMAL DIEN

Ten opsigte van die volk is daar geen verskil in diens nie. Almal se bydrae is gelykwaardig hoewel dit verskil in aard. **Elkeen dra by volgens sy aanleg en kragte; die een wat nie 'n steen kan aandra nie, dra 'n strooi aan en so help almal in belang van die volk.**

In 'n spesiale woord tot die Vroueadjunkraad het die A.K.G. die betekenis van die vrou beklemtoon. Wanneer die Afrikanervolk by sy verdriet gestaan het, was dit nog altyd die vrou wat die krag tot oorwinning gegee het. Ook vandag is dit die geval. Spr. is telkens getref deur die heldemoed wat geopenbaar is waar jong getroude van mekaar geskei is. Die jong getroude vrou het ondanks die swaarste beproewinge onwrikbaar in haar besieling gestaan.

Genle. mev. J. S. du Toit het 'n besondere beroep op die Ossewabrandwag gedoen om hulpverlening aan die afhanklikes van Afrikaners wat hul vryheid in die weegskaal gewerp soos hulle dit gesien het, nie vir hulself nie, maar vir hul volk. Daardie mense mag nie deur ons in die steek gelaat word nie.

Die lede van die Beheerraad is op gasvrye wyse deur die Paarlse Brandwagte ontvang en gehuisves. Hoofkomdt. Willie Marsh en komdt. Max Smuts het woorde van welkom gespreek.

**O.B.-MUSIEKBUNDEL**

'n Volk sonder sang . . .
is 'n volk sonder siel!!

Elke Brandwag behoort die O.B. MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die ,,Ossewabrandwaglied'' moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met woorde, passend vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

**Prys 2/6 Posvry**

3/6 insluitend 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

BESTEL NOU ! !

**O.B.-HOOFKWARTIER**

Posbus 8576, JOHANNESBURG.

# Dertig Gewapende Konstabels Val Jeugkamp Aan

## Empire Veg Weer Soos 42 Jaar Gelede

**Op 7 Januarie 1943 het tussen 50 en 60 lewenslustige jong Afrikaners vanuit alle dele van die Vrystaat en Betsjoeanaland ,,iewers in die Vrystaat'' bymekaargekom vir die eerste Jeugfront-offisiere-opleidingskursus in die Vrystaat.**

Die laer, wat uit ses gewone en drie groot tente bestaan het, was onder bevel van hoofkomdt. Piet Dippenaar. Offisiere het beurte geneem om bevel te voer en om verwarring te vermy, is van die bevelvoerende offisier altyd gepraat as hoofkomdt. Piet Dippenaar. Hy is ywerig bygestaan deur die offisiere wat aangestel is om hom behulpsaam te wees en dissipline was dan ook een van die vernaamste kenmerke van al die verrigtinge van die laer. Die kursusgangers was almal besonder ywerig en het hulle gedra soos dit die leiers van die Boere-jeug betaam. Bedags is soms hard gewerk en die lesings het besondere belangstelling gewek. Ook is vir die liggaamlike onderrig gesorg in die vorm van stoei, boks en veral swem. Saans wanneer dit alles stil en rustig is onder die geweldige ou wilgerbome, was die tradisionele vrolikheid van die Boereseuns om die kampvuur aan die orde, liedjies is gesing, grappe is vertel en sommige ongelukkiges is tot vervelens toe geterg.

### BESPIED

Aan hanskakies en speurders wat vanuit vliegtuie en agter struike optree, het dit nie ontbreek nie, as ook van speurders en dames almal gekleed in baaikostuums. Die laer is gedurig bespied, met die gevolg dat groepe persone wat as wagte opgetree het, verskeie kere moes optree om indringers te vra of daar enigiets vir hulle gedoen kan word. Hulle het dan ook in alle gevalle hul manmoedig van hul taak gekwyt. **Die klimaks van die kursus het egter gekom toe sowat 30 gewapende konstabels en speurders die laer op 13 Januarie, d.w.s. die dag voor die einde van die kursus, omsingel het en die hele kamp deurgesnuffel het.** Wat hulle gesoek het is duister — wat dit ook al was, hulle moes onverrigtersake terugkeer. Miskien het hulle 'n gevaarlike tydjie verwag; indien nie, sou dit pateties gewees het om hierdie gewapende mag 'n skadelose seunskamp te sien stormloop. Een enkele speurder sou voldoende gewees het om die snuffelwerk te doen. Dit was net nodig vir 'n speurder om hom aan te meld en hy sou deur Piet Dippenaar dwarsdeur die kamp begelei gewees het.

**Die uiteinde van die onwelkome besoek was dat 48 Boereseuns voor die hof moes verskyn op aanklag onder die Noodregulasies in verband met beweerde driloefeninge wat dan sou gedoen gewees het. Die seuns het hierdie eerste toets wat aan hulle gestel is op waardige wyse deurstaan. Hulle was nie verskrik of verbouereerd nie maar het hulle manlik in die hof gedra.**

Weereens, net soos 42 jaar gelede, veg die regering van sy Majesteit teen die jeug, en ook soos in die dae van genl. De Wet, is die Boerejeug nog steeds bereid om dieselfde offers as hul vaders aan die vryheidstryd te bring.—(Vrystaatse Kor.)

# Verkies Status van Korporaal Bo dié van Volksraadslid

## K.-G. se Antwoord op Lawwe Gerug

,,Ek verkies die status van 'n korporaal in die Ossewabrandwag bo dié van 'n lid van die Volksraad,'' het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, verklaar in 'n brief in 'n Johannesburgse Engelse blad waarin verklaar is dat verneem word dat dr. Van Rensburg homself in die kiesafdeling Johannesburg-Wes verkiesbaar sal stel. 'n Paar dae daarna het die blad aangekondig dat mnr. N. J. Jooste, van Linden, dr. Van Rensburg uitgedaag het om dit wel te doen en verklaar dat indien hy (dr. Van Rensburg) homself in die kiesafdeling verkiesbaar sal stel, hy (mnr. Jooste) £100 tot sy verkiesingskoste sal bydra.

Dr. Van Rensburg se brief is 'n antwoord op hierdie uitdaging. Hy sê ten aanvang dat hy van die uitdaging verneem het en daar hy nie bekend is met die adres van hierdie ,,politieke sinterklaas'' nie, hy dit op prys sal stel indien die blad hom ruimte sal afstaan om hom te bedank.

,,Die Ossewabrandwag het 'n reël wat bepaal dat enige offisier of onderoffisier moet bedank voordat hy hom in 'n partypolitieke verkiesing verkiesbaar kan stel. **Afgesien egter van enigiets anders, verkies ek die status van 'n korporaal in die Ossewabrandwag bo dié van 'n Volksraadslid,'' verklaar dr. Van Rensburg voorts. Derhalwe spyt dit hom dat hy nie mnr. Jooste se aanbod kan aanvaar nie.**

,,Mag ek aan die hand doen dat, aangesien hy £100 het om mee te speel, hy dit nuttiger kan bestee deur dit te stort in ons fonds vir die uiters behoeftige afhanklikes van manne wat vergaan in tronke en konsentrasiekampe. Indien hy egter nie genoeg simpatie met hierdie moeders en kinders het nie, kan hy die £100 ewe nuttig bestee deur dit te skenk aan die weduwees en wese van die manne wat vir sy verdediging in Noord-Afrika en Madagaskar gesneuwel het,'' voeg hy daaraan toe.

**W. VOIGT BPK.,**
**HUGENOOT.**

*Fabrikante van . . .*
*Kelder en Besproeiings Masjinerie,*
*Sleepwaens,*
*Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.

**Posbus 10, Hugenoot.**

*ONS HET 'N PRAGTIGE BESENDING*

**Dames-Hoede**

nou net uitgepak

*KOM MAAK U KEUSE!!*

*by*

Steyns

PAROW

DIE SKIEREILANDSE MODERNE AFRIKAANSE DAMES-MODISTE.

# VOLKSKAS

verskaf alle bankdienste (ook tjekrekeninge)

**29** Takkantore bedien die Bank se kliënte deur die hele Unie.

*Fondse oorskry £2,715,000*

**Vra verdere inligting by die VOLKSKAS-kantore.**

Die Volk se Bank.

Volkskas (Koöp.) Bpk.
(Opgerig kragtens die Koöp. Wet)



## S. J. KRYNAUW

**Algemene Handelaar en Produkte Koper.**

Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke

Mans en Dames Skoene

Kruideniersware teen die billikste Pryse

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer

**H/v NUWE- en GARCIASTRAAT**
**Foon 68 — — Posbus 54**

BEAUFORT-WES



Foon 62 Posbus 53

## HEILBRON

**Om te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat**

**BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.**

**Die MODERNEWINKEL**



## MARKAGENTSKAP

**Vroeë Môre-Mark**

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.


# O.B.-NOODHULPFONDS

Onderstaande staat van inkomste en uitgawe tot 31 Desember 1942 word deur die sekretaris van die O.B.-Noodhulpfonds verstrek:

| | | £ | s. | d. | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **INKOMSTE:** | | | | | | | |
| Kaaplandse Beheerraad .. .. .. .. .. .. | | | | | 3,815 | 10 | 4 |
| Vrystaatse Beheerraad .. .. .. .. .. .. | | | | | 2,683 | 8 | 2 |
| Natalse Beheerraad .. .. .. .. .. .. | | | | | 475 | 13 | 0 |
| Transvaal: | | | | | | | |
| Kosfonds .. .. .. .. | | 356 | 11 | 6 | | | |
| Portrette .. .. .. .. | | | 3 | 0 | | | |
| Algemeen .. .. .. .. | | 1,350 | 1 | 11 | | | |
| genl. P. J. du Toit .. .. | (Kode 5) | 1,743 | 8 | 3 | | | |
| ,, Boshoff .. .. .. | ,, 1 | 1,252 | 15 | 4 | | | |
| ,, M. S. F. Grobler .. | ,, 6 | 1,205 | 6 | 7 | | | |
| ,, Gerrie Puren .. .. | ,, 3 | 1,170 | 19 | 5 | | | |
| ,, Hein Becker .. .. | ,, 4 | 947 | 18 | 9 | | | |
| ,, J. P. Gous .. .. | ,, 2 | 706 | 18 | 7 | | | |
| ,, S. J. Scheepers .. | ,, 10 | 673 | 18 | 10 | | | |
| ,, J. P. S. Rossouw .. | ,, 8 | 666 | 13 | 11 | | | |
| ,, J. G. S. Opperman .. | ,, 9 | 636 | 1 | 5 | | | |
| ,, N. J. Roets .. .. | ,, 7 | 560 | 13 | 7 | | | |
| ,, D. du Toit .. .. | ,, 12 | 497 | 10 | 1 | | | |
| ,, M. C. Eloff .. .. | ,, 13 | 293 | 17 | 4 | | | |
| ,, H. Neethling .. .. | ,, 11 | 269 | 9 | 7 | | | |
| ,, W. v. d. Westhuizen .. | ,, 14 | 130 | 0 | 5 | | | |
| | | | | | 12,456 | 8 | 6 |
| | | | | | £19,431 | 0 | 0 |
| **UITGAWE:** .. .. .. .. .. .. .. | | | | | 19,227 | 9 | 10 |
| | | | | | £203 | 10 | 2 |

**OPMERKING:**
Behalwe die bostaande is vry groot bedrae deur Generaalskappe 9, 10, 11 en 12 byeengebring en in hulle onderskeie afdelings aanbestee om boetes te betaal.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. | 5,455 | 8 | 2 |
| Mnr. Maree Paarl .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| Vriendin Bellville .. .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| Komdte. Lategan Constantia .. | 2 | 5 | 0 |
| Mev. Strydom Barrydale .. .. | | 5 | 0 |
| Lys 630 Kaapstad .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| **Nasionalis** Kaapstad .. .. .. .. | 10 | 0 | 0 |
| H/Komdt en Komdte Cilliers Wynberg | 2 | 0 | 0 |
| Penkoppe Antionette, Elinor en Fanie Cilliers Wynberg | | 15 | 0 |
| Calitzdorp Kommando .. .. .. | 10 | 0 | 0 |
| **Matie** Stellenbosch .. .. .. .. .. | 2 | 0 | 0 |
| Velddrift-Aurora Vroue-Kommando | 6 | 10 | 0 |
| Vriendin Kaapstad .. .. .. .. | | 2 | 6 |
| Vriend Kaapstad .. .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| Vriend Kaapstad .. .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| Ceres Vroue-Kommando .. .. .. | 7 | 3 | 0 |
| Goudini Manne-Kommando .. .. | 23 | 6 | 6 |
| Lys 631 Groote Schuur Vroue-Kommando | 2 | 16 | 6 |
| Vriendin Wynberg .. .. .. .. | 2 | 0 | 0 |
| Offergeld **Karoobossies** Kaapstad | 2 | 19 | 0 |
| **Arbeidsdiens** Kaapstad .. .. .. | 1 | 19 | 4 |
| Dienslaer Noodhulpfonds Velddrift | | 8 | 0 |
| Manne- en Vroue-Kommando Velddrift | 2 | 3 | 0 |
| **Steunmekaar** Kaapstad .. .. .. | 1 | 12 | 0 |
| Lys 631 Groote Schuur Vroue-Kommando | 2 | 10 | 0 |
| Totaal: | 5,538 | 13 | 1 |

### TRANSVAAL TOT 23 JAN.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. | 13,014 | 10 | 10 |
| Kwit. No.: | | | |
| 2102 Bydrae .. .. .. .. .. .. | 11 | 15 | 0 |
| 2103 Kommando 14C3 .. .. .. | 24 | 0 | 0 |
| 2105 Kommando 9A7 .. .. .. | 2 | 2 | 7 |
| 2107 Kommando 9C6 .. .. .. | 1 | 11 | 6 |
| 2108 Kommando 9A4 .. .. .. | 7 | 18 | 10 |
| 2110 Kommando 7B3 en 7B6 .. | 37 | 0 | 0 |
| 2111 Kommando 5A1 .. .. .. | 10 | 12 | 0 |
| 2111 Kommando 5A4 .. .. .. | 2 | 10 | 8 |
| 2111 Kommando 5A5 .. .. .. | 14 | 3 | 3 |
| 2111 Kommando 5B1 .. .. .. | 10 | 0 | 0 |
| 2111 Kommando 5B2 .. .. .. | 4 | 16 | 6 |
| 2111 Kommando 5B4 .. .. .. | 3 | 6 | 8 |
| 2111 Kommando 5B6 .. .. .. | 3 | 9 | 0 |
| 2111 Kommando 5C1 .. .. .. | 57 | 7 | 9 |
| 2111 Kommando 5C2 .. .. .. | 14 | 12 | 3 |
| 2111 Kommando 5C3 en 5C6 .. | 100 | 8 | 6 |
| 2111 Kommando 5C5 .. .. .. | 6 | 11 | 0 |
| 2111 Kommando Vriendekring 5C | 16 | 4 | 0 |
| 2112 Kommando 1C3 .. .. .. | 25 | 2 | 0 |
| 2113 Kommando 3C4 .. .. .. | 7 | 6 | 9 |
| 2114 Kommando 3B1 .. .. .. | | 12 | 6 |
| 2115 Kommando 7C6 .. .. .. | 10 | 12 | 0 |
| 2116 Kommando 10A4 .. .. .. | 49 | 13 | 6 |
| 2118 Kommando 3B4 .. .. .. | | 6 | 0 |
| 2119 Kommando 9B2 .. .. .. | 18 | 1 | 6 |
| 2121 Kommando 1B4 .. .. .. | 1 | 2 | 6 |
| 2122 Kommando 6 .. .. .. .. | 213 | 19 | 0 |
| 2123 Kommando 11B2 en 11B5 .. | 22 | 18 | 6 |
| 2124 Kommando 12B .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Totaal: | £13,693 | 14 | 7 |

### BYDRAE TOT AANBOD H/GENL. SCHOEMAN.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. | 453 | 11 | 11 |
| Velddrift Manne-Kommando .. .. | 7 | 0 | 0 |
| H/Genl. en H/Komdte Van Zyl Kaapstad | 50 | 0 | 0 |
| Genl. A. J. Herholdt, De Aar .. | 20 | 0 | 0 |
| H/Genl. W. P. Burger, Skansklip | 20 | 0 | 0 |
| Observatory Manne-Kommando .. | 10 | 0 | 0 |
| Totaal: | £560 | 11 | 11 |

### 'N JAAR GELEDE

Na aanleiding van 'n pleidooi in Die Burger vir gelyke regte van die Engelse in ons land het ons op 11 Februarie hierdie standpunt as liberalisties verwerp en o.a. as volg geskryf:

,,Die nasionale gedagte bots egter teen hierdie vreemde opvatting wat op ons volk afgedwing is. Nou kom Die Burger en die leiers van die H.N.P. en veroordeel hierdie nasionale gedagte. Hulle tree op as beskermers van die Engelse op wie se besluit tienduisende Afrikaners vandag in die noorde sneuwel vir Britse belange. **Hierdie seggenskap om Boerebloed vir die Empire te laat stort, wil die Partyleiers nie alleen erken nie, maar selfs beskerm.**

,,Dit word tyd dat ons leiers hulle losmaak van die liberalistiese idee wat dit vir ons volk onmoontlik maak om in sy eie vaderland tot sy reg te kom.

,,Volgens die grondwet wat deur die Ossewabrandwag aanvaar is vir ons toekomstige staat, sal 'n Engelsman nie kwalik geneem word as hy Engels praat nie. Hy kan dit praat soveel as hy wil. **Maar as beginsel word aanvaar dat Afrikaans die amptelike taal moet wees en dat Engels nie op gelyke voet deur die staat erken sal word nie.''**

Hierdie beleid is gegrond op die organiese gedagte van die Ossewabrandwag wat glo dat 'n volk 'n lewende eenheid is wat hom deur middel van sy staat as persoonlikheid moet laat geld. Hy kan dus nie tweeslagtig wees nie.


**Boerende Boére**

**AANDAG!**

**Stuur u VEE en PRODUKTE aan**

**VOLKSKOPER MARK BEPERK**

Newtown, Môremark, JOHANNESBURG.

**Foon 34-1442.** **Wolhuterstraat 62.**

*Ons direkteure is ons waarborg.*

*Skryf om besonderhede.*

**STERKTE!**



VAN VROEG TOT LAAT — ALTYD — U BESTE MAAT — OP SY POS

Patriot TABAK


## *Geklassifiseerde Advertensies*

### GEBOORTE

**COETZER.** — Op 29 Des. 1942 'n fris Brandwag-seun aan Sers. en Asst-Veldkte. Coetzer van Vlaklaagte, Blackhill. Ons dank aan Dokter en Kraam-staf van die Middelburg-Hospitaal.

### VERLOWING

**BOTHA—BURGER.** — Susan, dogter van Hoof-Generaal en mev. W. P. Burger, Skansklip, en Louis, oudste seun van mnr. en mev. H. J. Botha, Heidelberg, Tvl., maak bekend dat hulle verloof is.

### HUWELIK

**COETZEE — VAN DER WALT:** Ons trou (D.V.) op Saterdag, 6 Maart, om 11-uur, in die Gereformeerde Kerk, Ventersburg — Marietjie, jongste dogter van mev. en wyle mnr. H. S. van der Walt, Ventersburg en Hendrik (Algemene Sekretaris, F.A.K.) oudste seun van mnr. en mev. C. J. Coetzee, Johannesburg. Geen resepsie. Telegramme: Swartstraat, Ventersburg.

**VAN NIEKERK—WINTERBACH.** — Graag wil ons bekend maak aan familielede, Vriende-(inne) dat Anna, jongste dogter van mnr. en mev. H. Winterbach, Jakkalsfontein, Prins Albertweg, en Reinier, oudste seun van mnr. en mev. J. van Niekerk, stasiemeester, Beaufort-Wes, trou D.V. Dinsdag, 23 Februarie, 4 n.m. in die Ned. Geref. Kerk, Merweville. Geen kaartjies. Geen resepsie. Telegrafiese adres: Springbok-Losieshuis, Merweville.

### DOODBERIG

**DU PLESSIS.** — Donker wolke het oor ons gegaan op die môre van 18 Jan. 1943, toe van ons weggeneem is deur die dood, ons liefling dogtertjie, Elizabeth Susanna, in die ouderdom van 7 maande en 7 dae, na 'n smartlike lyding van 39 dae. Ons dank almal vir hulp in ons beproewing, ook die dokter.
Tot weersien liefling.
Haar bedroefde Pappie, Mammie, Boetie en Sussie.
Elandsberg, Sutherland.

### BENODIG

**TREKKER** met ,,rubber''-bande, omtrent 25/30 p.k. Moet so goed as nuut wees. Meld volle besonderhede en prys aan:— **P. H. van Wyk en Seuns, Blaauwbank, Posbus 7, Barkley-Wes.**

GEKWALIFISEERDE **Banketbakker** vir gevestigde bakkery op Bolandse dorp. Rig applikasies aan: **B/G, ,,Die O.B.,'' Bus 1411, Kaapstad.**

### TE KOOP

**UIESAAD.** — Ronde, harde Geeluiesaad, 7/6 posvry. K.B.A. Bestel vroegtydig, voorrade beperk. **P. J. du Toit, Drostdy, Tulbagh.**

NARSING- en JONKELBOLLE, 7/6 per 100 k.m.b., posvry in die Unie. **S. Kruger, Dankbaar, Aliwal-Noord.**

**CHINESE LUSERNSAAD.** — Regstreeks van die Boer wat skoon onvermengde saad lewer en wat net die een soort lusern op sy plaas kweek. Bestel onmiddellik hierdie seisoen saad vir aflewering omstreeks einde Februarie. £7-10-0 per 200 lb. **Nico Barnardt, Toverwater-sylyn, Pos. Uniondalewegstasie.**

**PLAAS KALKFONTEIN**, 625 morge vir algemene boerdery. Saai- en Veeplaas, geleë in die beste gedeelte van Burgersdorpdistrik. Doen aansoek: **D. Smit, Witkop, K.P.**

**AARTAPPELMOERE.** — Arran Chief, en Evergood aartappelmoere, gereed vir plant. Gelewer op Blanco-stasie. Kontant met bestelling. **J. J. C. Lamprecht, Tuinplaas, P.K. Blanco, George.**

**PLANTJIES:** Gesond en sterk: Barberton Madeliefies (Daisies): 3/6, 15/- en £6. Amerikaanse Boomangeliere: Idaho Beauty (pers), Regina (ligpienk), Salmon Regina, Corona (donkerrooi), Pionier (roospienk), en Rex (helderpienk), 3/6, 10/- en £5. Dairy Maid (wit met pienk-pers strepies) 5/-; £1-5-0 en £7. Pryse per 12, 100 en 1,000 respektiewelik. K.M.B., posvry in Unie. **John Smith, Bus 80, Tzaneen.**

STERK, gewortelde Angelier plantjies: Regina, Rex, Pioneer, Corona, Salmon Regina, Idaho Beauty 3/6 dosyn, 10/- 100. Lorraine 21/- dosyn; Rooi Regina 21/- dosyn; Dairy Maid 5/- dosyn; 25/- 100. K.M.B. Posvry Unie. Bogemelde soorte het groot dubbel blomme met lang stengels. **Thos. Dunn, Posbus 51, Tzaneen.**

**SAAD AARTAPPELS.** — Arran Chief — A. Sertifikaat 30/- per sak; B. Sertifikaat 25/- per sak. Sonder Sertifikaat maar goed, 20/- per sak. V.O.S. George-stasie. Kontant met bestelling. **H. D. Metelerkamp, Groot Hoek, George.**

### TE HUUR

KLEIN plasie te Vaartwel, vier myl van hoofpad, tussen Ladismith en Calitzdorp, met busdiens twee keer per week. 6,000 Wingerdstokke en 300 gemenge vrugtebome, albei in drag. Goeie tuingrond met vaste bron water. Vir verdere besonderhede doen aansoek by **mnr. J. H. Swanepoel, Vaartwel, P.K. Opzoek, Ladismith.**


**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**